MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 4 | 5 MAART 2026

SKOOLSAKE

Opedag

Klik op die logo hier onder vir meer inligting.

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

According to the ancient Chinese proverb, A journey of a thousand miles must begin with a single step.

John F. Kennedy

Aan die begin van die jaar was dit Laerskool Midstream College Primary se twintigjarige feesvieringe en dit het ons teruggeneem na ons beginjare. ‘n Saluut aan ons direkteure wat meer as twee dekades gelede besluit het om 'n skool te bou om een van die pilare van die groter Midstream-landgoed te vorm. Dit is met nederige dankbaarheid dat ons terugkyk na die duisende myle wat Midstream College sedert daardie eerste treë afgelê het. As enigiemand twintig jaar gelede vir die groot onderwysgeeste gesê het dat daar ‘n skool in Pretoria gaan kom wat saam met die groot onderwyshonde gaan blaf, sou niemand dit geglo het nie.

Enkele van die noemenswaardige kilometers wat ons die laaste tyd kafgedraf het, sluit in dat ons die laaste drie A-bondswemінterhoërgalas gewen het. Nogmaals geluk aan elke onderwyser, ouer en leerder hierby betrokke – ek weet agter hierdie prestasie lê menige vroeë oggend asook baie ure in die swembad. Ons fenomenale matriekuitslae verlede jaar was van die heel beste in die land en vir seker die beste in die groter Pretoria-area. Dit is in ons Christelike aard om nederig te wees, desondanks is daar baie redes om trots te wees op wat Midstream College tot dusver vermag het.

The price of success is hard work, dedication to the job at hand, and the determination that whether we win or lose, we have applied the best of ourselves to the task at hand.

Vince Lombardi

Te midde van ons nederlaag verlede Vrydag op die A-bondatletiekinterhoër was dit reeds ons vyfde en definitief nie ons laaste verskyning daar nie. Ons was voorwaar trots op ons atlete op die baan asook ons toeskouers op die pawiljoen wat waarlik hulle bes gegee het. Ek wil graag elke onderwyser, ouer en leerder gelukwens met die wyse wat ons hierdie nederlaag op die ken gevat het. Vergun my veral ‘n dankwoord aan die anonieme persoon wat op sosiale media perspektief aan die saak verleen het, en ek haal graag aan:

We’ve been punching above our weight for a while now. There were tears today. But there was also grit. Resilience. The kind that is not built overnight. Midstream College keep your heads up. Rome was not built in a day.

Soli Deo Gloria.

ELEKTRIESE SKOETERS EN BROMPONIES

Na aanleiding van ons artikel oor elektriese skoeters in ’n vorige nuusbrief, is Midstream College bewus gemaak van nuwe regulasies wat tans deur sommige van die landgoedere geïmplementeer word.

Met onmiddellike ingang versoek ons dat die volgende streng nagekom word:

- ’n Veiligheidshelm moet te alle tye gedra word.
- Elektriese skoeters word tot slegs een ryer beperk – saamry op dieselfde skoeter is streng verbode.
- Geen skoeter mag op paaie gery word nie; sypaadjies moet gebruik word.
- ’n Maksimum spoedbeperking van 30 km/h geld te alle tye.
- Voetgangeroorgange moet gebruik word wanneer die pad oorgesteek word.
- Voetgangers op sypaadjies kry, te alle tye, voorrang.

In die belang van veiligheid ondersteun ons hierdie regulasies ten volle.
U samewerking in hierdie verband word opreg waardeer.

BOEKDONASIE-UITREIK

Kinderboeke wat nog in ‘n goeie toestand is, kan tot die einde van die kwartaal aan ons mediasentrum geskenk word. Boeke sal deur die uitreikkomitee aan ander skole en instansies versprei word. Wees deel van hierdie omgeeprojek.